# HOE OM DIE SKRIFTE TE BESTUDEER

**Reël # 1: 'n Stewige Fondasie.**

Soos dit met enige dissipline is en hoe om daardie dissipline te bemeester, moet jy eers 'n goeie fondasie hê. Jy moet die "**Groter Prentjie**" sien en al die besonderhede behoorlik benader met die "**Groter Prentjie**" in gedagte, anders sal jy verlore raak in al die besonderhede en dit verkeerd verstaan. "Jy kan nie na die woud kyk en al die bome gelyktydig sien nie!" Dit is waarom ons dan val vir 'n **klankgreep** (**sound bite**) dogma en leerstellings, en ons verstaan dan nie die "**Groter Prentjie,**" om te besef dat dit die meesterplan benadeel, wat in die Hemelse Boekrol(**Heavanly Scroll**) uitgelê word nie.

**Reël # 2: Die Hebreeuse Denkwyse.**

Die Geloof in die Skrif is die Geloof van die Hebreërs ... nie Grieke nie. Alles moet verstaan word in Die Hebreeuse manier van dink. Jy hoef nie Hebreeus te kan praat nie. Jode het dit vir 2000 jaar gepraat en is nie nader, om te besef dat Yahusha hulle Messias is nie. Al wat jy nodig het, is goeie verwysingsmateriaal, 'n konkordansie, en 'n Hebreeus tot Engelse interliniêre verwysing.

**Reël # 3: Geleidelike fases van Openbaarmaking.**

Die Skrif is in ooreenkoms met mekaar. Daar is geen verskille en teenstrydighede nie. Elke leerstelling word gevestig met Skrif wat Skrif interpreteer en (**nie tradisie nie**), want alles moet gevestig word "**lyn op lyn**, **voorskrif op voorskrif**". Yahuah het Sy Woord geleidelik in fases van openbaarmaking en met tyd, aan die lig gebring deur **Verbonde**, profesieë, leringe, ens. wat op die **Hemelse Boekrol** voortgebou het, wat verder in die boek van Genesis tot Openbaring, geopenbaar is, om die **Plan van Verlossing** en **die Koninkryk van Yahuah** te openbaar.

**Reël # 4: Weet wat "Skrif" is en wat Kommentaar is.**

Elke woord wat in die Skrif vervat is, is nie noodwendig Skrif nie. Sommige boeke dra gewig as die Woord van Yahuah en ander is bloot menslike kommentare deur Sy gesalfdes... maar feilbaar en mettertyd selfs geargumenteer het, onder mekaar.

**Reël # 5: Verstaan die Verbonde wat in die Skrif is.**

**Verbonds teologie** is teen **vervangings teologie**. Elke **Verbond,** word gebou op die vorige een, soos die ses vorige Verbonde uitloop in die **Yahushaiese Verbond** wat bepaal word deur die vorige ses Verbonde. Geen Verbond staan alleen nie.

Ons moet die basiese struktuur, van al die **Verbonde** verstaan. Elke **Verbond** het twee ondertekenaars, Yahuah en die menslike bemiddelaar wat die res van die mensdom verteenwoordig. Elke Verbond het doelwitte, doelstellings en standaarde uiteengesit in die "bepalings en voorwaardes". Hierdie bepalings en voorwaardes bly dieselfde vanaf die **Edeniese tot die Yahushaiese** verbond.

**Reël # 6: Oordraging.**

Niks is ooit afgeskaf nie, bloot **oorgedra** van **die fisiese voorstelling** tot **die geestelike werklikheid.**

**Reël # 7: Fisiese tot Geestelike Parallelle.**

**Vir elke fisiese voorbeeld** in die Skrif, **is daar 'n meer belangriker Geestelike parallel** wat ‘n konsep is om ons te onderrig. Die fisiese is nie die punt nie, maar eerder 'n opleidingshulp, 'n leermeester om ons te begelei, om die **Geestelike Koninkryk** te verstaan, wat ons nie kan sien, voel, smaak, hoor of kan aanraak nie.

**Reël # 8: Die Voorneme, (bedoeling/intensie) oorwin die letter.**

Yahuah het 'n doel met ons lewe, en die doel is: om 'n “**liefdevolle gehoorsame hart**” in ons te ontwikkel. Dit word eerstens bereik deur die nakoming van die letter as kinders, omdat ons nog nie verstaan nie. Soos ons volwasse word, dra daardie letter **Vrug** in ons en word ons volwasse tot ‘n “**hoër vlak**” van gehoorsaamheid, met **dié voorneme**, dan ... betree ons 'n toestand van **Goddelike Vryheid** van die **letter**.

**Reël # 9: Konteks.**

Alles moet in konteks gehou word. Van **die Hemelse Boekrol** deur tot **die Aardse Boekrolle toe**. Hulle moet met mekaar ooreenstem en verstaan word in konteks, met mekaar. Konteks moet soos volg gehou word:

**Tekstuele Konteks:** Moet nooit die Skrif in **klankgrepe/sound bites** aanhaal nie. Dit moet in die konteks gehou word, van wat rondom dit geskryf word.

**- Skrywers Konteks:** Elke Skrif moet verstaan word in die konteks van al die skrifte, van daardie skrywer. Met Saul, kan jy nie Galasiërs verstaan, buite die begrip van **ELKE** brief, wat hy geskryf het nie.

**- Skriftuurlike konteks:** Die Nuwe Testament kan nie verstaan word, buite die Ou Testament nie. Die "Ou Testament" kan nie verstaan word, buite die konteks, van die **Hemelse Boekrol** nie.

**- Historiese Konteks:** Die Skrif word verstaan, binne die konteks van die tyd in geskiedenis, die samelewing, die plek waar die mensdom destyds bestaan het en in die verhouding, met die geleidelike fases van openbaarmaking.

**- Geestelike Konteks:** Die Skrif word slegs in konteks verstaan, vanaf **die fisiese tot geestelike parallelle.**

**Reël # 10: KRY 'N GOEIE SKRIF VERTALING.**

Die enigste een waarvan ek weet, is ‘n behoorlike vertaling met geen **Inkarnasie** verwysings, of implikasies daarvan nie en behoorlik vertaal in die **Hebreeuse denkwyse** met die “**Groot**

**Prentjie,**" wat in perspektief gehou is, en dit is Die "**Book of Yahweh**." Geen ander vertaling kom selfs naby nie ... geen.

**Reël # 10. a: Lees my boek, "The Kingdom!"**

https://www.dropbox.com/s/qb7gvixl5xjl4zr/TheKingdom6x9final.pdf?dl=0

Mentorskap is een van die fundamentele leerstellings in die Skrif. Vind 'n gesalfde leermeester en hou op om te praat en **LUISTER**. Hou op om te onderrig en **LEER**. Jy is nie eers naby gekwalifiseerd om te onderrig totdat jy behoorlik gementor is in die Geloof deur 'n Nasaréner soos Yahusha, wat by Johannes geleerhet, die twaalf dissipels by Yahusha geleer het, Saul by Gamaliel, Elisa by Elia en so meer.

Ek het geskryf wat ek glo, die enigste boek is wat ooit geskryf is (**The Kingdom**) om ons almal te leer hoe om die Skrif te bestudeer soos hierbo uiteengesit. Ek gee voorbeelde van elke reël in hierdie boek, dan lê ek die fondasie neer, wat ons almal moet hê as ons ooit werklik wil verstaan wat ons lees.

In my boek, "**The Kingdom,**" nadat ek verduidelik het "**hoe**" om die Skrifte te bestudeer, het ek gedefinieer dat die **Die Koningkryk,** die **"Goeie Nuus" is**. Dié "**Goeie Nuus,**" is **NIE,** dat "God na die aarde toe gekom het, om te sterf as 'n mens, om ons te red van gehoorsaamheid aan **Sy Wet** nie" ... dit is dat **Die Koninkryk van Yahuah op hande is**!" So, dit is waar die reis begin van...wat is die Koninkryk?


Hierdie boek verduidelik wat **Yahuah** se plan en doel was om die heelal te skep, wat die betekenis daarvan is en wat die doel is met jou as individu en wat **Yahusha** se rol was en hoe hy bereid was om in daardie rol te dien. Dan breek ek die **Geestelike Koninkryk** op, deur dit te vergelyk met sy **fisiese** eweknie.

Hierdie boek sal die fondasie verskaf wat vandag ontbreek in alle leringe. Dit sal jou oë oopmaak vir die "**rede**" en "**doel,**" en die Skrife sal begin lewe kry, op 'n manier wat jy nooit gedink het moontlik is nie. Daar is geen plaasvervanger vir 'n rotsvaste fondasie nie en met **DAARDIE** fondasie... sal jy dan die besonderhede begin verstaan, soos dit alles begin bou tot ondersteuning om **dit** verder te definieer ... **Die Koninkryk!**.

Dit is nie 'n boek wat jy eenmalig lees nie ... dit is 'n boek wat jy in jou boekrak wil hê vir verwysings, dit te bestudeer en om altyd die regte grondslag, in die voorhoede van jou gedagte gang te behou.

Vertaal in Afrikaans deur Chris de Wet,

From the Book, The Nazarene by Rav Sha'ul.




**VERKONDIG HIERDIE EVANGELIE MATTHEUS 24:14** En hierdie evangelie van die Koninkryk sal aan die hele wêreld verkondig word en dan sal die einde kom.

Vir 'n beter begrip van die Koninkryk van Yahuah wat binnekort na hierdie aarde toe sal kom en wat ‘n mens moet doen om 'n burger van die koninkryk te word...kan jy hierdie boek gratis lees, met vergunning van Rav Sha’ul en sy getroue bydraers:

https://www.dropbox.com/s/qb7gvixl5xjl4zr/TheKingdom6x9final.pdf?dl=0

(2 Korintiërs 3: 6 Die Skrifte 1998+) wat ons ook as dienaars van 'n **hernieude verbond** bekwaam gemaak het, nie van **die letter nie maar van die Gees**, want **die letter maak dood, maar die Gees gee lewe.**